# 7 Perspektiewe

Wanneer ons ten slotte enkele samevattende opmerkings oor 'n Skriftuurlik verantwoorde antropologie maak, moet daar in gedagte hehou word dat daar ook vele ander verbandhoudende aspekte is. Lategan (1991:92-94) wys byvoorbeeld op 'n dinamiese, transformerende en verantwoordelike antropologie. Ten einde egter verantwoord oor antropologie te praat, moet ten minste op die volgende belangrike fasette gewys word: die mens is mens van God en buite sy relasie tot God om kan daar slegs oor die mens gespekuleer word; die mens is mens deur 'n mens en sonder medemenslikheid verloor die mens sy menslikheid; die mens is as mens op die toekoms gerig en hy is op weg na 'n nuwe aarde waar alles reg is. Hieroor dan enkele opmerkings.

## 7.1 Die teosentriese mensbeskouing

Uit God, deur God en tot God is alle dinge – ook die mens. Die mens kan slegs in sy onlosmaaklike verhouding tot God as *homo Dei* (1 Tim. 6:11; 2 Tim. 3:17) reg verstaan word. Die mens leef en bestaan *coram Deo* en daarsonder is daar geen toegang tot 'n verantwoorde mensbeskouing nie (Noordegraaf, 1990:17, 19, 31). Die mensbeskouing word fundamenteel deur die Godsbeskouing bepaal (vgl. De Gruchy, 1991:93).

Hierdie teosentriese benadering tot en verstaan van die mens impliseer 'n trinitariese behandeling, ten minste in 'n Christelike verstaan van die mens. Die mens is uit God die Vader, dit wil sê, deur Hom (na sy beeld) geskape; die mens is deur God die Seun verlos, dit wil sê, vrygemaak van die sonde; en die mens is tot God deur die Gees vernuwe en op weg geplaas na 'n nuwe toekoms. Hier tussenin lê natuurlik die sondeval – 'n unieke Christelike leerstuk –, wat in die Bybelse mensbeskouing so 'n ontsaglike groot rol speel (Jeremias, 1965:364). Ons ken vandag geen ander mens as 'n sóndige mens nie – al sou ons kon byvoeg dat ons ook verlóste sondaars ken. Gelukkig is die genade groter as die sonde en die koninkryk van Christus sterker as die mag van Satan (Kol. 1:13).

Vir die antropologie is die Christologie van bepalende betekenis, juis wanneer daar oor die (herstel van die) *imago Dei* gehandel word. Christus is die beeld van die onsienlike God (Kol. 1:15; 2 Kor. 4:4) en dit is juis aan die beeld van Christus dat gelowiges 'gelykvormig' moet word (Rom. 8:29; vgl. Fil. 3:21; 1 Joh. 3:2). Christene kan slegs die beeld van God vertoon indien hulle deur die geloof aan Christus verbonde is en sy voorbeeld navolg (Kol. 2:6,10). Christus het immers op onvergelyklike wyse God op aarde verbeeld, trouens, "in Hom is die volle

wese van God beliggaam" (Kol. 2:9). In Christus sien ons die grenslose liefde van God vir mense, vir ongehoorsame mense, vir vyandige mense (Rom. 5:10; Joh. 3:16). Liefde behoort tot die essensie van God (1 Joh. 4:8,16), tot die essensie van beeld-van-God wees (Matt. 5:43-48) en tot die essensie van menswees (Matt. 7:12; Rom. 13:8). Dit – die liefde – het Christus plaasvervangend verwerklik en voorbeeldig uitgeleef (vgl. Heb 2:5-18) en daarin – in die liefde – moet ons Hom daagliks navolg (Joh. 13:15; 1 Pet. 2:21; 1 Joh. 2:6). Alleen in navolging van Christus weerspieël die mens die beeld van God en alleen só kan die mens beantwoord aan die bedoeling van God met hom.

In die teosentriese mensbeskouing kom egter iets, nee, Iemand, by. Nie net die Christologie is vir die antropologie van groot betekenis nie, maar ook die pneumatologie mag hier nie ontbreek nie. Hoe kan die mens immers die beeld van Christus vertoon en Hom navolg as dit nie is vir die vernuwende werk van die Gees van God in hom nie (Rom. 8; Ef. 5; Tit. 3:5)? In die Christelike filosofie – van byvoorbeeld die Wetsidee en die Skeppingsidee – word dikwels (ook in die antropologie) gewerk met die trits *skepping-sondeval-verlossing*, met die gevolglike onderwaardering van die (spesifieke) werk van die Gees van God. Genoemde driedeling moet noodsaaklik met 'n vierde aspek, naamlik *vernuwing*, aangevul word ten einde aan die werk van die Heilige Gees reg te laat geskied. Dit is immers die Heilige Gees wat die werk van Christus *vir* ons *in* ons van toepassing maak. Dit is die Gees wat ons aan die beeld van Christus gelykvormig maak en sodoende die beeld van God in ons herstel en uitwerk.

'n Bybelse mensbeskouing is noodwendig 'n teosentriese mensbeskouing. Calvyn het die Skrif hierin korrek vertolk.

## 7.2 Die humane mensbeskouing

Om van 'n ‘humane mensbeskouing’ te praat klink na 'n toutologie, en is dit waarskynlik ook, maar die bedoeling is duidelik: die mens bestaan ook *coram hominibus* en die mens verwerklik sy menswees eers werklik deur ander mense. As mense mekaar misbruik en mishandel, dan tas hulle nie net mekaar se menswees aan nie maar ook hulle eie. Dat mense op mekaar aangewese is en mekaar nodig het, is 'n waarheid wat op die skeppingsverhaal teruggaan. In die ganse goeie skepping van God was daar in die begin een ding wat ‘nie goed’ was nie en dit was dat die mens alleen was (Gen. 2:18); daarom het die Here God vir hom 'n hulp gemaak. Die mens is as mens 'n sosiale wese, hy is as mens medemenslik. Dit is nie onmoontlik nie dat hierdie gemeensaamheid van die mens ook iets van die (trinitariese) gemeenskap van God weerspieël en dus met die beeld-van-God-wees in verband gebring moet word (vgl. Gen. 2:27). Wel is dit duidelik dat hierdie medemenslikheid in sy wydste sin deel uitmaak van ware menswees (vgl. Noordegraaf, 1981). Die mens kan nie in isolasie van God maar ook nie in

isolasie van sy medemens reg verstaan word nie. In die kerk (as liggaam) van Christus en as liefdesgemeenskap ontvang hierdie gedagte (*koinonia*) natuurlik 'n besondere toespitsing en aksent.

Dat die mens, in navolging van God (Tit. 3:4), dus 'n filantroop sal wees – en dat alle misantropie dus onaanvaarbaar is – spreek eintlik vanself. In die Bybelse mensbeskouing word die mens as mens volledig ernstig geneem en word sy lewe en bestaan ook deur Goddelike wetgewing in die sesde gebod beskerm. Mense beskik nie inherent oor *menseregte* nie, maar wel oor Godgegewe regte ten einde hulle Godgegewe potensiaal te kan realiseer (Ps. 82:3) (Lategan, 1991:90; vgl. Van Wyk, 1991:253-266).

'n Humane mensbeskouing sal 'n besondere ope oog en hand vir die randfigure in die samelewing hê: die misdeeldes, die veronregtes, die gestremdes. Veral ten opsigte van die armes, die swartes en vrouens sal 'n groot mate van sensitiwiteit geopenbaar word. Nié dat hiermee aan al die argumente van die Teologie van die Rewolusie en die Feministiese Teologie toegegee hoef te word nie, nee, daarvoor ontbreek daar in hierdie teologieë te veel goeie teologiese begronding. Wel leer ons God in die Skrif ken as die God van volmaakte filantropie wat na sy vyande uitreik en wat sy son oor goeies en slegtes laat skyn en wat oor regverdiges en onregverdiges laat reën (Matt. 5:45) – en dis die beeld van *hierdie* God wat die mens moet weerspieël. Ons het reeds die aandag daarop gevestig dat die Here op 'n besondere wyse aan die armes verbind is (Ps. 82:3-4; Ps. 107:41) en as beeld van God moet die mens sy Skepper hierin navolg. Christus het ter wille van ons arm geword sodat ons deur sy armoede ryk kan word (2 Kor. 8:9) – en sodat ons weer op ons beurt ander (geestelik, ja, maar ook materieel) ryk kan maak.

Daar word wêreldwyd op subtiele of openlike wyse teen swart mense gediskrimineer en ons het in hierdie verband spesifiek na Suid-Afrika verwys. En dan hoef ons nie eers aan daardie tipe Wit Teologie te dink wat die swart mense nie as mense beskou nie. Só 'n ideologie – want 'n teologie kan dit tog nooit wees nie – moet radikaal afgewys word. Ook swart mense is geskape na die beeld van God en is voorwerpe van naasteliefde – en natuurlik is wit mense ook bevoorreg om deur swart mense geag te word! Diskriminasie teen swart mense bloot op grond van ras of kleur is onskriftuurlik, onmenslik en immoreel.

Dieselfde geld in 'n groot mate van die posisie van die vrou in die samelewing. Ook ten opsigte van die posisie van die vrou word dikwels, vanuit 'n bepaalde gesagsbeskouing en samelewingsvisie, op onregverdige wyse teen die vrou gediskrimineer en word die ontwikkeling van haar Godgegewe potensiaal onnodig belemmer. Slawerny kon op die lang duur nie voor die druk van die evangelie standhou nie en alle vorme van mensonwaardige behandeling sal op die lang duur voor die evangelie moet wyk.

Ook ten opsigte van hierdie aspekte kan ons van Calvyn leer – hoewel hy natuurlik nie 'n 'feminologie' ontwikkel het nie.

## 7.3 Die eskatologiese mensbeskouing

Die mens is, juis omdat hy deur Christus verlos en deur die Gees vernuwe is, op die eskaton gerig. Die mens is op weg – dit is trouens een van die groot temas van die brief aan die Hebreërs (vgl. 11:13-16); hy is op weg na onsterflikheid en onverganklikheid, na 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde, na 'n 'beter vaderland'. Die op weg wees na 'n beter vaderland beteken nie dat hy die huidige vaderland moet minag en aan ekologiese vernieling moet prysgee nie, maar wel dat hy, juis deur wat hy tans doen, ook ten opsigte van kuns en kultuur en natuurbewaring, doelgerig moet afstuur op die volle realisering van die koninkryk van God (vgl. Matt. 5:48). Tereg merk Lategan (1991:91) in hierdie verband op:

> The mood (of the NT) is not a protological interest in origins, a genetic explanation of things, a longing for what has been, a reinstitution of things as they were in the beginning. It is an eschatological facing of the future, a reaching out for the unknown, a thinking from the end, an innovative and unconventional approach, a working while it is still day, a painful anticipation of a new heaven and a new earth. In the process the past is not eliminated, but made useful and fruitful for the future.

Die Christelike mensbeskouing is dus nóg pessimisties nóg optimisties maar wel 'spesimisties' (*spes* is die Latyn vir hoop). 'n Christen is gered in hoop (Rom. 8:24) en is seker van die dinge wat hy hoop (Heb. 11:1). Christene hoop op die finale bevryding van die skepping asook op die bevryding van die kinders van God (Rom. 8:21-23). God bevry nie net siele nie maar mense, nie net mense nie maar die aarde, nie net die aarde nie maar die ganse skepping. Eenmaal sal álles nuut wees (Op. 21:5).

Vir die antropologie is hierdie dinamiese visie, hierdie op-weg-wees na finaliteit en voltooiing, van uiterste belang. Die dinamiese visie bestendig die Christen se op weg wees en hou hom staande. Ook gee dit sin aan die lewe en voorsien dryfkrag aan die aardse bestaan. *Sonder* die gerigtheid op 'n eindbestemming verander die geskiedenis in 'n sikliese gang van gebeurtenisse sonder enige betekenis en bestemming, *daarmee* bereik die geskiedenis sy doel en voltooiing. Vir die Christen eindig die wêreldgeskiedenis met nuwe mense in 'n nuwe stad op 'n nuwe aarde onder 'n nuwe hemel.

Ten opsigte van hierdie toekomsgerigte visie was Calvyn 'n baanbreker, al het hy soms naby aan 'n futuristiese benadering gekom.

Wel is dit "nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie, maar ons weet dat, wanneer Jesus kom, ons soos Hy sal wees" (1 Joh. 3:2). Ons sal "soos Jesus (of God) wees". Wat eenmaal die mens se grootste sonde was, naamlik om "soos God" te wou wees (Gen. 3:5), dit sal eenmaal sy grootste deug wees, want dit sal 'n bestaan in liefde wees. Die beeld van God sal dan volkome herstel wees. Die mens sal dan een en al liefde wees, want net die liefde vergaan nooit nie (1 Kor. 13:8).